# TERMINOLOGIE

| | |
|---|---|
| 1. ’n Regeringsvorm van verteenwoordigers deur die hele bevolking gekies en word gekenmerk deur vryheid van spraak | A. Revolusie |
| 2. Die wet wat die regeringsvorm van die staat, die funksies van die staatsinstansies en die verpligtinge en regte van landsburgers bepaal. Ook genoem die konstitusie. | B. Geregtelike hoofstad |
| 3. Die program vir die bestuur van iets (land) | C. Wetgewende hoofstad |
| 4. Wanneer ’n beleid wat deur ’n politieke party gevolg word, verander as gevolg van omstandighede of ’n ander party wat aan bewind kom. | D. Outokrasie |
| 5. Wanneer mense op grond van hulle ras, klas of etniese voorkoms in groepe geskei word | E. Grondwet |
| 6. Tydperk van insinking, swak verkope, lae pryse en werkloosheid. | F. Kleurbeleid |
| 7. Wanneer mense as ’n groep weier om verder te werk omdat hulle ontevrede is oor ’n saak of optrede of omdat hulle ander werksomstandighede eis. | G. Rebelle |
| 8. ’n Kamp waarheen “soldate”, wat gevang is tydens gevegte, gestuur word om hul uit die gevegsfront te haal. | H. Beleid |
| 9. Mense wat in opstand kom teen die wettige owerheid | I. Nasie |
| 10. Misdadige optrede om die regering van die staat omver te werp. | J. VVO |
| 11. Wanneer ’n persoon deur ’n vuurpeleton geskiet word nadat hy aan ’n politieke misdaad skuldig bevind is, soos Hoogverraad | K. Kultuur |
| 12. Wanneer ’n land of staat deur ’n ander staat of land regeer word en nie sy eie besluite kan neem nie. | L. Volk |
| 13. ’n Regeringsvorm waar die land se burgers deur ’n verkiesing die regerende party aanstel. ’n President is die staatshoof. | M. Segregasie (apartheid) |
| 14. Waar die bestuur van die land plaasvind. (Uniegebou – Pretoria) | N. Staking |
| 15. Waar die parlement sitting neem en waar die wette gemaak word. (Parlementsgebou – Kaapstad) | O. Ras |
| 16. Waar die hooggeregshof is. (Bloemfontein) | P. Demokrasie |
| 17. Wereldwye organisasie vir vrede, hulp en bystand. | Q. Beleidsverandering |

Create your own puzzle at WordMint.com or print one of our 500,000+ pre-made word searches, crosswords, and more.

| | |
|---|---|
| 18. Wanneer sy volk teen sy regering in opstand kom. | R. Sanksies |
| 19. Wanneer ʼn land in isolasie geplaas word, en daar geen handel met ander lande mag plaasvind nie. | S. Referendum |
| 20. Wanneer een persoon die land regeer en besluite neem. | T. Administratiewe hoofstad |
| 21. Dis ‘n Volkstemming wat gehou word oor ‘n saak waarvoor 'ja of nee' gestem word. | U. Fusilleer |
| 22. Bevolkingsgroepe soos swart, wit, kleurlinge word geskei in sport, skole, openbare vervoer, ontspanning en woongebiede. | V. Unie |
| 23. Word saamgestel uit verskillende rasse, volke en individue. Dis al die mense wat binne dieselfde landsgrense woon. Dit is 'n politieke eenheid. | W. Hoogverraad |
| 24. Groep mense wat dieselfde taal, kultuur en historiese ontwikkeling besit. Dit is 'n kulturele eenheid | X. Interneringskamp |
| 25. Groep mense van ʼn gemeenskaplike afkoms wat gekenmerk word aan uiterlike ooreenkomste, dieselfde belange en gewoontes. Dit is 'n biologiese eenheid | Y. Republiek |
| 26. Dis die dinge wat ‘n groep mense op dieselfde manier doen. Dit sluit goed in soos eetgewoontes, ontspanning en vermaak. Bv. Die Afrikaner is lief vir vleisbraai, dans, musiekfeeste en rugby. | Z. Depressie |

Create your own puzzle at WordMint.com or print one of our 500,000+ pre-made word searches, crosswords, and more.